# *Per bonam consequentiam*: Die status van eksegetiese afleidings

H.F. van Rooy
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: sbbhfvr@puknet.puk.ac.za

**Abstract**

***Per bonam consequentiam*: The status of exegetical deductions**

*The importance of Hermeneutics in ecclesiastical discussions must be recognised. In such discussions, people attempt to substantiate their views with arguments from the Bible. The status of such exegetical deductions remains a problem, also in view of the maxim from the Reformation: The preaching of God's Word is God's Word. This problem is discussed with reference to the origin of the rule of "good and necessary consequence" and to related articles of the Belgic and Westminster Confessions. The fallibility of human interpretation must be taken into account in all ecclesiastical discussions.*

## 1. Inleiding

In kerklike diskussies speel hermeneutiek 'n belangrike rol. Hermeneutiek is in die teologie ten nouste verbind met die interpretasie van die Bybel. 'n Mens kan hermeneutiek op twee maniere definieer. Dit word soms beperk tot die formulering van reëls vir die eksegese en soms word dit uitgebrei om die hele verstaansproblematiek in te sluit (vgl. Le Roux, 1993:34-35). Die rol van hermeneutiek in interpretasie bly egter belangrik; ongeag hoe 'n mens dit presies definieer.

Die Bybel is natuurlik die mees basiese dokument wat in kerklike diskussies 'n deurslaggewende rol moet speel (vgl. Bright, 1977:19, 23, 31). Hierdie besondere status van die Bybel as die Woord van God hang ten nouste saam met 'n eksegeet se Skrifbeskouing. In gereformeerde kringe stel die artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die Bybel die Woord van God is, dat dit deur God geïnspireer is en dat dit gesagvol is vir leer en lewe. Hiermee is die probleem van die verstaan

van die Bybel egter nie opgelos nie, soos meningsverskille oor verskillende sake tussen en selfs binne kerke duidelik aantoon.

Die problematiek van die verstaan van die Bybel moet ook nie oordryf word nie. Die Bybel is nie in die eerste plek aan wetenskaplikes gegee as objek van wetenskaplike ondersoek nie. Dit is God se Woord vir gewone mense, met ’n eenvoudige boodskap, soos byvoorbeeld saamgevat in die Apostoliese Geloofsbelydenis. Hierdie samevatting is helder, eenvoudig en duidelik. Dit spreek van God en van skepping, sondeval, verlossing en dit wat sal kom aan die einde van die tyd. Alles wat ’n gelowige moet weet vir sy saligheid en vir ’n gelowige lewe is duidelik in die Bybel vervat.

Tog is dit so dat meningsverskil oor eksegetiese kwessies bestaan – en dan word hermeneutiek en Skrifbeskouing by die saak betrek. Vooronderstellings en metodologie speel ’n belangrike rol in eksegese (vgl. Wolters, 1984). Dit is egter nie so dat gedeelde vooronderstellings en/of gedeelde metodologie altyd tot dieselfde resultate lei nie (vgl. Wolters, 1984:166). Daarom moet die saak nie omgedraai word asof alle verskille in eksegese noodwendig ’n verskil in vooronderstellings beteken nie. Wanneer verskille in interpretasie voorkom, moet elke geval op sy eie meriete beoordeel word. Soms kan dit te wyte wees aan verskillende vooronderstellings of metodes; soms kan dit bloot ’n vergissing wees (dat iemand byvoorbeeld die Grieks of Hebreeus verkeerd verstaan het), en soms kan dit wees dat die saak nie baie helder is nie sodat geldige meningsverskil moontlik is.

Die status van eksegetiese afleidings, of van konsekwensies van ’n bepaalde aspek van die Bybelse boodskap, is hiermee aan die orde, en daarmee saam die hermeneutiese reël waarna die begin van die titel van hierdie artikel verwys (*Quicquid per bonam consequentiam ex Scriptura deducitur, illud ipsum est Scriptura* – wat in ooreenstemming met goeie afleiding uit die Skrif afgelei word, is self Skrif). Hermeneutiese reëls kan goeie riglyne bied vir die verklaring van die Skrif. ’n Voorbeeld hiervan is die vyf reëls geformuleer deur Kaiser en Silva (1994:63-64), waarin die belang van die konteks vir eksegese beklemtoon word. Een so ’n reël is die reël van logiese en noodsaaklike afleiding. Helberg (1983:17) noem as een van die reëls van die Calvinistiese rigting van die Hervorming die volgende: Nie alleen wat uitdruklik geskryf is, is die woord van God nie, maar ook wat deur goeie gevolgtrekking daaruit volg (vgl. ook Greijdanus, 1946:186 en Berkhof, 1971:159). Hierdie artikel gaan ondersoek instel na die oorsprong en betekenis van hierdie reël en dit beoordeel. Daarna gaan gekyk word wat die implikasie van die toepassing van hierdie reël op kerklike diskussies is. Dit is uiteraard onmoontlik om in ’n artikel van beperkte omvang alle sake in die moderne hermeneutiese

debat aan die orde te stel in hierdie bespreking. Vir ’n goeie oorsig uit konserwatiewe hoek, vergelyk Allen (2000). Vir ’n omvattende bespreking van moderne debatte kan verwys word na Thiselton (1992) en Maimela en König (1998). Die saak waaroor hierdie artikel handel, is veral van belang binne die rigting wat bekend staan as “evangelical” hermeneutiek (vgl. Klein, 1998). Hierin word die Bybel aanvaar as die gesagvolle Woord van God (Klein, 1998:321). Gevolglik word in interpretasie gesoek na die bedoeling van die outeur (Klein, 1998:325). Hierdie benadering is direk teenoorgesteld aan die relasionele waarheidmodel van die Postmodernisme (Herholdt, 1998:459). In hierdie benadering kan daar geen objektiewe waarheid meer wees nie (Herholdt, 1998:461). Hierdie artikel kan nie op hierdie hele debat ingaan nie, maar rig hom in die besonder op die reël van goeie en noodsaaklike afleiding, iets wat in kerklike kringe steeds ’n rol speel, soos blyk uit die hele bespreking van Allen (2000).

## 2. Die oorsprong van die reël van goeie en noodsaaklike afleiding

Die saak van die status van afleidings uit die Skrif is al baie oud. Vir die verstaan van hierdie probleem is ’n vergelyking van sekere artikels in die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Westminster Konfessie insiggewend. In die Nederlandse Geloofsbelydenis handel artikel 7 oor die volkomenheid van die Heilige Skrif. Die begin van die artikel lui soos volg: “Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.” Die res van die artikel stel dat niks hierby gevoeg of daarmee gelykgestel mag word nie. In aansluiting by Psalm 62:10 word dan gestel dat alle mense uit hulleself leuenaars is. Geen menslike besluite mag dus met die Bybel gelykgestel word nie. Hoofstuk 1 artikel 6 van die Westminster Konfessie handel oor dieselfde saak. Die eerste sin daarin is insiggewend op grond van dit wat dit meer sê as die Nederlandse Geloofsbelydenis:

> The whole counsel of God, concerning all things necessary for his own glory, man’s salvation, faith, and life, is either expressly set down in Scripture, or by good and necessary consequence may be deduced from Scripture (Presbyterian Church in the United States, 1976:78).

Hierdie belydenis voeg die saak van goeie en noodwendige afleiding by dit wat die Nederlandse Geloofsbelydenis sê. Hierdie artikel sê nie dat afleidings ook die woord van God is nie, maar dat die wil van God in die Bybel staan of daarvan afgelei kan word. Dit is ’n klein verskil met die

reël van goeie en noodsaaklike afleiding, maar tog 'n baie belangrike verskil.

In sy bespreking en onderskrywing van hierdie stelling sê Greijdanus (1946:186) dat Johannes Maccovius se standpunt hieroor belangrik is. Maccovius was een van die figure uit die Ortodoksie – 'n stroming ná die tyd van die Hervorming. Die Ortodoksie het 'n groot teologiese verstarring tot gevolg gehad.

Maccovius se formulering van hierdie reël oor die status van afleidings lê ten grondslag van latere formulerings. Hy het die reël in Latyn soos volg geformuleer: *Quicquid per bonam consequentiam ex Scriptura deducitur, illud ipsum est Scriptura* (vgl. Greijdanus, 1946:186). In 'n Nederlandse vertaling van die betrokke werk van Maccovius, word dit soos volg vertaal: "Al hetgeen met goed gevolg uit de Schrift kan getrokken worden, dat is de Schrift zelve" (Maccovius, s.a.:21). In sy bespreking van hierdie stelling van Maccovius stel A. Kuyper jnr. (1899:149) dat hierdie reël uit die Skolastiek kom. In hierdie benadering word die rede as instrument gesien om afleidings uit die Skrif te maak wat dan dieselfde gesag as die Skrif self het (Kuyper, 1899:151, Maccovius, s.a.:21). Heppe (1950:36-37) wys daarop dat die vraag sedert die sewentiende eeu telkens gevra is of dogmas en die regte sedelike optrede alleen bewys kan word deur direkte Skrifwoorde en of afleidings uit die Skrif ook gebruik kan word. Die antwoord was telkens dat afleidings gebruik kan word. Dit is natuurlik waar dat nie alle dogmas met 'n direkte teks uit die Bybel bewys kan word nie, maar dit is 'n vraag of die reël van noodsaaklike afleidings daarmee bewys is.

Kuyper het self nie 'n probleem met hierdie reël nie, maar tog moet dit as 'n rasionalistiese benadering getipeer word, tipies van die Ortodoksie – 'n benadering wat nie behoorlik rekening hou met die feilbaarheid van die menslike rede nie. Kuyper (1899:155) sien die rede bloot as 'n instrument om logiese afleidings uit die Skrif te maak, maar hou nie rekening met die feilbaarheid van hierdie instrument nie. Berkouwer (1967:281) maak 'n baie sterk stelling as hy sê dat hierdie konsekwensies wat uit die Skrif gemaak word, die agtergrond is vir alle konfessionele verdeeldheid. Hy wys daarop dat Maccovius self deur die Sinode van Dordrecht berispe is vir sy toepassing van hierdie reël ten opsigte van die leer van die uitverkiesing (Berkouwer, 1967:281; vgl. ook Van Itterzon, 1959). Dit is in die lig hiervan dat 'n mens kan verstaan dat so 'n opmerking oor die status van afleidings nie in die Nederlandse Geloofsbelydenis voorkom nie. Die voorkoms daarvan in die Westminster Konfessie kan beskou word as 'n invloed van die Ortodoksie op daardie belydenis.

Tog word hierdie saak in die Westminster Konfessie self gekwalifiseer as daar in dieselfde artikel staan dat daar wel sommige sake is wat met die diens van God en die regering van die kerk te doen het – sake wat nie deur die Skrif self bepaal word nie, maar wat in die lig van die natuur en deur ’n Christelike insig georden moet word, in ooreenstemming met die algemene bedoeling van die Woord. Afleidings kan dus nie oor alle sake uit die Bybel gemaak word nie (vgl. Presbyterian Church in the United States, 1976:78). Die Bybel bevat inderdaad alles wat die mens nodig het vir die saligheid, maar daar is dinge waaroor die Bybel nie alle antwoorde gee nie, en ’n mens moet in sulke gevalle versigtig wees om nie die Bybel te laat buikspreek nie (vgl. Hendry, 1960:35). Die Westminster Konfessie wil niks meer sê nie as dat geldige Christelike waarhede uit die Bybel afgelei kan word (Rogers, 1966:339). Dit is wel moontlik dat die opstellers van hierdie belydenis meer as dit in gedagte gehad het en dat hulle oortuig daarvan was dat hulle afleidings dieselfde gesag as die Bybel het (Rogers, 1966:345). In die Presbiterianisme het hierdie gedagte sterk ondersteuning geniet: in die woorde van Warfield (1931:226): “The sense of Scripture is Scripture.” Berkhof (1971:158-159) stel dat God geweet het wat die mens uit sy Woord sou kon aflei omdat Hy die implikasies van sy Woord geken het.

Hierdie soort standpunt oor die gesag van die afleidings uit die Skrif is nie maar net ’n interessante saak uit die geskiedenis nie. Dit kom nog steeds in hermeneutiese diskussies na vore. In ’n onlangse artikel gee Allen (2000) ’n goeie oorsig uit ’n konserwatiewe hoek op moderne ontwikkelinge in die hermeneutiek. Hy gee besondere aandag aan Barth en die neo-ortodoksie, dekonstruksie, Ricoeur en Frei. Hy betwyfel dit dat ’n mens in enige van hierdie rigtings nog sou kon praat van gesagvolle prediking van die Woord. Sy eie oplossing is om terug te beweeg na die standpunt wat in Maccovius se Latynse spreuk aangetref word. Ook vir hom is die prediking van God se Woord self die Woord van God (Allen, 2000:515).

In hierdie opsig kom ’n belangrike vraag aan die orde. As die omskrywing van die “sense of Scripture” die vrug van feilbare menslike eksegetiese arbeid is, kan dit op dieselfde vlak geplaas word as die Bybel self? Hierteenoor staan die waarskuwing van die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 7) dat menslike uitsprake nie met die Skrif gelykgestel moet word nie. Selfs die beste eksegetiese werk, selfs sinodebesluite wat met groot verantwoordelikheid na diepgaande studie van die Bybel geneem is, die mees verantwoorde afleidings uit dit wat die Bybel leer, bly feilbare menslike werk en mag nie met die boodskap van die Bybel gelykgestel word nie (vgl. Honig, 1938:123).

## 3. 'n Beoordeling van die reël van goeie en noodsaaklike afleiding

Dit kan wel gevra word hoe dit gebeur het dat hierdie stelling uit die Ortodoksie so belangrik geword het in die gereformeerde teologie. Alhoewel verdere navorsing op hierdie punt nodig is, wil dit voorkom asof dit deel is van die nalatenskap van Abraham Kuyper. Kuyper is self sterk deur die Ortodoksie in Nederland beïnvloed en het nie onderskei tussen die standpunte van Luther en Calvyn en die wegbuiging van hulle gedagtes in die Ortodoksie nie (vgl. Polman, 1957:351). Dit kan ook verklaar waarom juis Kuyper se seun oor Maccovius gepromoveer het. Verder het Kuyper nie die invloed van die idealistiese intellektualisme van sy tyd ontkom nie (vgl. Polman, 1957:351). Dit verklaar die rasionalistiese aansluiting by die reël van Maccovius, waarin die feilbaarheid van die rede van 'n gelowige nie tot sy reg kom nie.

'n Mens, ook 'n predikant, is altyd feilbaar. Daarom is Skrifverklaring en prediking feilbare menslike werk. Die mens se werk met die Skrif vind by gelowiges plaas onder die leiding van die Heilige Gees. Tog is hierdie leiding van die Gees by verklaring en toepassing van die Skrif op 'n heel ander vlak as die werk van die Gees by die inspirasie van die Skrif.

As die mens se afleidings aan die Skrif gelykgestel word, dreig die gevaar dat die kerk in die vaarwaters van die Rooms-Katolieke standpunt oor die onfeilbaarheid van die kerk, kerklike vergaderings en die pous beland. Binne daardie kring word onfeilbaarheid soos volg omskryf:

> Infallibility is a spiritual attribute belonging to the entire church but, under certain circumstances, is possessed in a special way by the college of bishops and the pope; as a result, their doctrinal utterances in matters of faith and Christian life (*fides et mores*) are free of error (Löser, 1995:387).

Indien die Heilige Gees mense (byvoorbeeld predikante wat preek) onfeilbaar lei by die verklaring en die toepassing van die Skrif, waarom gee artikel 23 in die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan ouderlinge die opdrag om oor die ampswerk van predikante toesig te hou? In hierdie toesig het toesig oor die prediking 'n besondere plek (vgl. Van der Linde, 1983:98). Die verligting deur die Gees moet dus duidelik van inspirasie onderskei word. Deur verligting word gelowiges in staat gestel om die Bybel te verstaan. Wanneer inspirasie en verligting deur die Gees verwar word, word aan menslike of kerklike geskrifte of uitsprake dieselfde gesag toegeken as aan die Skrif (Wentsel, 1982: 578).

Die probleem in dié verband kan verduidelik word met verwysing na prediking. In die gereformeerde Homiletiek is daar tradisioneel in 'n

preek onderskei tussen *explicatio* en *applicatio*. 'n Preek moet daarvolgens bestaan uit verklaring en toepassing van die Skrif. John Bright (1977:162-163) het dit baie sterk beklemtoon dat prediking in die kerk niks anders kan wees as verklaring en toepassing van die Bybel nie. 'n Preek is nie maar die prediker se eie gedagtes nie. Dit moet berus op deeglike eksegese, dit moet die teks oopmaak en verduidelik en uitspel wat die implikasies daarvan vir die hoorder is. Vir die verklaring is daar baie hulpmiddels, maar nie soveel vir die toepassing nie. Die doel van die verklaring van 'n teks is onder andere om te probeer vasstel wat die teks gesê het vir die mense tot wie dit oorspronklik gerig was. Hiervoor moet 'n mens sekere agtergrondgegewens hê, soos besonderhede oor die skrywer, adres, datering, ensovoorts. Jy moet ook 'n behoorlike metodologie kan aanwend om inligting te kry vir die beantwoording van vrae wat die teks oproep, soos tekskritiese sake of die betekenis van sekere woorde en frases. Sommige van die reëls wat hieroor in die tyd van die Hervorming geformuleer is, is steeds van groot waarde, soos dat die Skrif sy eie verklaarder is (*sacra scriptura sui ipsius interpres*). Al is daar soms besondere probleme in dié verband, selfs probleme wat met die beskikbare kennis nie opgelos kan word nie, is hierdie deel van die interpretasie normaalweg nie so ingewikkeld nie en kan 'n mens tot 'n aanvaarbare interpretasie kom. Die probleem kom egter by die implikasies vir vandag.

- **Die probleem van die doodstraf**

'n Voorbeeld hiervan is die probleem van die doodstraf. Genesis 9:6 bevat die volgende uitspraak: "Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word. God het die mens as sy beeld gemaak". Hierdie uitspraak is sekerlik die mees basiese uitspraak oor die doodstraf in die Ou Testament (GKSA, 1994:609). Tog het hierdie bepaling nie gegeld vir elke geval waar iemand in die tyd van die Ou Testament iemand anders gedood het nie. Die Ou-Testamentiese wette noem een en twintig sake waarvoor die doodstraf opgelê kan word. Hierdie sake kan in vier groepe verdeel word: religieuse misdade, misdade waardeur mense gedood is, morele misdade en seremoniële misdade (GKSA, 1994:609-610). In die beredenering van die belang van die gegewens vir vandag, onderskei die sinodale rapport van 1994 die gevalle waar mense gedood is van die religieuse, morele en seremoniële sake. Die bepalings in verband met laasgenoemde sake word nie meer as bindend vir vandag beskou nie, terwyl die doodstraf vir moord wel behou word (vgl. GKSA, 1994:611). Die betrokke rapport dui egter nie aan waarom sekere sake steeds geld en ander nie. Die verskil tussen moord, strafbare manslag en wettige manslag word ook nie beredeneer nie. Die rapport meld byvoorbeeld persone wat moord gepleeg het, maar nie die

doodstraf ontvang het nie (soos Kain, Moses en Dawid) (GKSA, 1994: 610-611). In nie een van die gevalle is daar volgens die rapport duidelikheid oor waarom die doodstraf nie toegepas is nie. In die finale bevindinge figureer hierdie onsekerheid egter nie.

Volgens hierdie rapport aan die Sinode word diegene wat kettery bedryf, nie gedood nie. Deuteronomium 13:5 is byvoorbeeld in hierdie opsig van belang: ’n valse profeet wat die volk aangemoedig het om van God afvallig te word, moes naamlik gedood word. In die geskiedenis van die kerk is ketters soms wel gedood, soos selfs in die tyd van Calvyn, maar die rapport aan die Sinode bepleit dit nie vir vandag nie.

Die Sinode het dus aanvaar dat in sekere gevalle waar die doodstraf in die Ou Testament toegepas is, dit steeds geld, maar in ander gevalle nie. Die Sinode moes op ’n spesifieke punt selfs ’n keuse tussen twee aanbevelings maak (vgl. GKSA, 1994:618) – ’n keuse wat daarop dui dat daar op dié betrokke punt, na deeglike Skrifstudie, nog steeds nie volle eenstemmigheid was nie. Die vraag is dan natuurlik hoe ’n mens nou te werk moet gaan om vas te stel wat steeds geld en wat nie. Dit is duidelik wat die geval in die tyd van die Ou Testament was, maar daar bestaan meningsverskil oor watter van die gevalle waar die doodstraf in die Ou Testament toegepas is, indien enige, steeds normatief vir vandag is.

- **Oënskynlike weersprekings**

Dit is in hierdie verband dat twee verse in Spreuke 26 van nut kan wees:

> Vers 4: Antwoord ’n dwaas nie na sy sotheid nie, sodat jy ook nie net soos hy word nie.
>
> Vers 5: Antwoord ’n dwaas na sy sotheid, sodat hy nie wys is in sy eie oë nie.

As hierdie twee uitsprake nie direk langs mekaar in die boek Spreuke gestaan het nie, sou dit kon lyk of die Bybel homself hier weerspreek. Die feit dat hulle saam voorkom, maak weerspreking nie ’n sinvolle oplossing nie. Die skrywer het geweet dat hy hier twee spreuke invoeg wat op die oog af teenstrydig lyk en moes dus een of ander bedoeling daarmee gehad het. Hy sê egter nie wat sy bedoeling was nie en verskillende moontlikhede is al geopper. Die Joodse rabbi’s het die probleem opgelos deur te stel dat vers 4 na wêreldse dinge verwys en vers 5 na godsdienstige dinge (Toy, 1970:473). Hulle wou sodoende die skynbare teenstrydigheid uit die weg ruim, maar die teks bied geen ruimte vir so ’n onderskeid nie. ’n Mens sou kon sê dat die twee saam aandui dat daar soms tye is wanneer ’n mens liewers moet praat en soms tye wanneer ’n mens moet swyg (Farmer, 1991:68). ’n Mens kan

die twee ook as ’n paradoks hanteer, met ’n dialektiese verhouding: albei bevat elemente van die waarheid en ’n mens kan nader aan die waarheid kom deur die twee saam te lees (McKane, 1970:596). Dit is in elk geval duidelik dat die twee verse soos hulle daar staan, nie self aandui hoe die spanning opgelos moet word nie en daarom kan daar verskeie voorstelle wees.

As iemand sou vra: moet jy ’n dwaas antwoord, is die antwoord: soms wel en soms nie. Die probleem is nou egter om die “soms” nader te kwalifiseer. Die interpretasie, die verklaring van wat in Spreuke staan, is nie ’n probleem nie. Soms is dit beter om ’n dwaas te antwoord en soms is dit beter om dit nie te doen nie. Die toepassing in ’n spesifieke geval is egter die probleem. As ’n gelowige gekonfronteer word met ’n dwaas, wat moet hy doen: praat of swyg? Daar is twee opsies en hy sal self moet besluit, na gelang van omstandighede, volgens sy gewete en Christelike insig, wat die beste is. Na die tyd sou ’n mens ook kan besef dat hy die verkeerde opsie uitgeoefen het. Hier is geen vaste, bindende uitspraak nie, maar twee opsies waaroor die leser self moet besluit in die lig van omstandighede. Hierdeur word die finaliteit van ’n mens se afleidings uit die Bybel bevraagteken.

## 4. Die reël van goeie en noodsaaklike afleiding en kerklike diskussie

- **Skrifbeskouing en Skrifverklaring**

’n Vraag wat hier ter sprake kom, is die verhouding tussen Skrifbeskouing en Skrifverklaring. In sy inougurele rede het Jordaan (1991) hieraan besondere aandag gegee. Die standpunt wat hy ingeneem het, verskil van die meer versigtige standpunt van Wolters waarna reeds verwys is. Die titel van Jordaan se rede gee sy standpunt weer: “Skrifbeskouing: deurslaggewende faktor by Skrifverklaring”. Hy wys daarop dat daar al verskillende verklarings vir verskille in interpretasie gegee is, soos verskille in metodes en interpretasieteorieë (Jordaan, 1991:1-2). Self oordeel hy egter dat verskille in interpretasies te wyte is aan ’n verskil in uitgangspunte. In die uitgangspunte het Skrifbeskouing ’n besondere plek (Jordaan, 1991:3). Hy noem Skrifbeskouing dus die deurslaggewende faktor by Skrifverklaring (Jordaan, 1991:4).

Dit is vanselfsprekend dat Skrifbeskouing wel ’n belangrike faktor by Skrifverklaring is en dat dit in sekere gevalle inderdaad deurslaggewend kan wees. Tog is dit nie altyd die geval nie. Hierdie saak word baie duidelik deur Swanepoel (1989) aangetoon ten opsigte van die interpretasie van klassieke tekste. In sy proefskrif gee hy die aandag aan die oorsake vir interpretasieverskille ten opsigte van sekere Latynse tekste.

Sy bevindinge wat vir hierdie studie belangrik is, word versigtig geformuleer (Swanepoel, 1989:376):

> Die antwoorde op interpretasieprobleme is nie sonder meer in die teks te vind nie. Die leser se teoretiese en metodologiese aannames en die metodes wat hy in die ondersoek gebruik, speel 'n beduidende rol in die resultate waartoe daar met die behulp van literêre ondersoek gekom word.
>
> Die feit dat lesers soortgelyke teoretiese en metodologiese aannames huldig, waarborg egter nie noodwendig dat lesers tot dieselfde resultate sal geraak nie.

Hierdie standpunt is meer gebalanseerd. Dit hou rekening daarmee dat verskille in uitgangspunte 'n beduidende invloed kan hê op interpretasie, maar dat ooreenstemming in uitgangspunte nie noodwendig tot dieselfde resultate lei nie. Die rol van die leser is ook belangrik, soos wat Swanepoel aangetoon het. Soms kan bloot persoonlike omstandighede 'n invloed uitoefen op die interpretasie van 'n gedeelte.

'n Soortgelyke standpunt blyk uit 'n brief van Van Wyk (1997), waarin hy in reaksie op 'n brief van Snyman (1997) stel dat mense met verskillende Skrifbeskouings soms dieselfde soort politieke standpunte kan huldig. Elders stel Van Wyk dit ook duidelik dat die aanvaarding van die gesag van die Skrif nie vanselfsprekend waarborg dat die bedoeling van die Skrif reg verstaan sal word nie (Van Wyk, 1989:58).

Die probleem word groter wanneer die saak omgekeer word. Dan word verskille in die verklaring en toepassing van die Skrif toegeskryf aan 'n verskil in Skrifbeskouing. Dit sou beteken dat oral waar almal nie altyd presies dieselfde oor alles dink nie, daar verskille in Skrifbeskouing moet wees.

'n Goeie voorbeeld van 'n standpunt waar daar gestreef word na 'n enkelvoudige afleiding uit die Skrif, kom voor by Buys (2000:1). Hy streef daarna om oor elke saak net een Bybelse standpunt te formuleer, waaraan almal gebonde is. Die probleem waaroor die betrokke artikel handel, is dat alle gereformeerdes nie oor alle sake dieselfde dink nie. Hy gee verskillende voorbeelde hiervan. Sy tweede voorbeeld illustreer die probleem wat hy ervaar, goed. Dit word volledig aangehaal (Buys, 2000:1):

> Watter onderwys behoort die kinders van die verbond te ontvang? Staatskool-onderrig? Christelike [v]olkseie onderrig? Onderrig in gereformeerde of [C]hristelike ouerskole? Privaat-onderwys in die ouerhuis? Al vier vrae word in gereformeerde kringe bevestigend beantwoord. Watter antwoord is reg? En waarom?

- **Die verwarring van beginsel en praktyk**

In die standpunt hierbo genoem, kom 'n verwarring van beginsel en praktyk voor. Wat die onderwys van die kinders van Christelike ouers betref, sou 'n mens heel populêr die beginsel kan stel dat die onderwys in ooreenstemming met die ouers se Christelike beginsels moet geskied. Buys verwar egter beginsel en metode (of praktyk). Dit blyk uit die artikel dat hy nie net ooreenstemming ten opsigte van die beginsel soek nie, maar ook in die metode waarop die beginsel in die praktyk moet funksioneer. Hy stel dit nie in die betrokke geval duidelik wat sy eie standpunt oor die verskillende onderwysmodelle is nie, maar betreur dit dat gereformeerdes verskillende standpunte oor die saak handhaaf.

Hierdie standpunt hou verband met 'n standpunt wat Buys al eerder gestel het, naamlik dat daar geen middelmatige sake is nie. Hy verwerp die onderskeid tussen wesenlike en middelmatige sake (Buys, 1998:24-25). Hy het beswaar teen die begrip "middelmatige sake". Hierdie begrip kom wel in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voor. Artikel 85 van die Kerkorde lui soos volg: In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie. Ook Calvyn werk met hierdie onderskeid. As deel van die vryheid van die Christen noem hy die vryheid in middelmatige sake (*Institusie* 3.19.7; vgl. Calvyn, 1989). Gewetensbinding in middelmatige sake word deur Calvyn (*Institusie* 3.19.7; vgl. Calvyn, 1989) negatief beoordeel. Selfs ten opsigte van leerstellige sake het Calvyn baie ver gegaan om nie verskille op die spits te dryf nie (*Institusie* 4.1.12; vgl. Calvyn, 1991). Hy onderskei self sake wat wesenlik is, soos dat daar net een God is, dat Christus God is en ook die Seun van God. Daar is egter ander dinge waaroor verskille nie die geloofseenheid versteur nie. Self noem hy 'n voorbeeld wat te doen het met die bestemming van die siel direk na die dood. Dit is natuurlik 'n belangrike saak, maar tog 'n saak waaroor meningsverskille geduld kan word. Ook by die Nagmaal dui Calvyn aan dat verskillende moontlikhede bestaan, soos dat rooi of wit wyn gebruik kan word, of gesuurde of ongesuurde brood. Hierdie dinge noem hy ook middelmatige sake (*Institusie* 4.17.43; vgl. Calvyn, 1991).

- **Middelmatige sake**

Die vraag is natuurlik wat presies met middelmatige sake bedoel word. Spoelstra (1989:468) verbind dit in sy verklaring van die Kerkorde eerstens aan formele sake wat met die sakramente en liturgie te doen het. Van der Linde (1983:275) beskryf die middelmatige sake as die dinge wat nie wesenlik is nie. Hy noem as voorbeelde die aanvaarding van die Westminster Konfessie in plaas van die Nederlandse Geloofsbelydenis as belydenisskrif, sit of staan by die Nagmaalsviering en dienstye.

Dit is so dat daar in enige kerklike gemeenskap verskille van interpretasie kan wees. Soms raak dit middelmatige sake en soms raak dit wesenlike sake. 'n Wesenlike saak sou iets wees wat die kern van die evangelie raak, soos byvoorbeeld die opstanding van Christus uit die dood. Indien iemand dit sou ontken, is dit 'n wesenlike saak waaroor gehandel moet word. 'n Middelmatige saak sou byvoorbeeld die vraag wees of die profeet Joël voor of na die ballingskap geleef het. Dit is 'n saak waaroor daar nie duidelike getuienis is nie en waaroor meningsverskil kan bestaan. Buys (1998:25) verwys na Handelinge 15, waar die gelowiges wel 'n duidelike uitspraak oor die nie-noodsaaklikheid van die besnydenis gemaak het. Dit gaan oor meer as net die besnydenis, naamlik oor die onderhouding van die Joodse seremoniële wette. Handelinge 15:29 noem nog 'n aantal sake waaroor eenstemmigheid bereik is. Vers 28 is egter baie belangrik in hierdie verband (OAV): "Want die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as hierdie noodsaaklike dinge". Oor sekere sake is daar bindende besluite geneem, maar oor ander nie. Nie-Jode sou hulle kon besny as hulle wou, maar dit is nie noodsaaklik nie. Selfs in die Bybel word dus nie oor alle sake finale besluite geneem nie.

- **Interpretasies kan feilbaar wees**

Die beswaar wat teen die stelling dat die interpretasie en verkondiging van die Bybel feilbaar is, ingebring sal word, is dat dit relativisties is, dat dit die gesag van die Skrif relativeer en aantas. Hierdie beskuldiging kom telkens voor in die blaaie *Die Kerkpad* en *Waarheid en Dwaling* (vgl. vir enkele voorbeelde Smit, 1998, Buys, 1997 en Meijer, 1998). Hierdie besware is egter nie geldig nie. Dit is nie die Bybel wat gerelativeer word nie, maar menslike uitsprake (vgl. Potgieter, 1990:51). Dit is die duidelike implikasie van artikel 31 en 46 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daardie twee artikels gaan uit van die veronderstelling dat kerklike vergaderings foutiewe besluite kan neem en dat sulke besluite reggestel kan en moet word. Soos wat kerklike vergaderings en kerkdienaars feilbaar is (vgl. Spoelstra, 1989:190), is ook mense wat die Bybel verklaar, feilbaar. Van Wyk (2000:485) stel dit duidelik: "Die waarheid erken ook dat menslike kennis onvolkome en onvolledig is. Die waarheid is dus beskeie en, soos die liefde, nie grootpraterig en verwaand nie". Dit doen nie afbreuk aan die waarheid van God se Woord om te erken dat ons verstaan van daardie Woord ook ten dele is nie. Die Bybel is inderdaad groter as die verklaarder daarvan (Helberg, 1983:76). Daar is ook dikwels 'n spanning tussen die Woord en die een wat die Woord verkondig, sodat die Woord optree as 'n korrektief op die een wat die Woord verkondig (Helberg, 1995:82-83).

Vanhoozer bied 'n goeie oplossing vir die spanning tussen die onfeilbaarheid van God se Woord en die feilbaarheid van die interpreteerder wanneer hy pleit vir 'n homiletiek van nederigheid en oortuiging (Vanhoozer, 1998:463-466). Nederigheid leer die verklaarder dat hy inderdaad verkeerd kan wees. Wanneer die verklaarder egter sy werk in nederigheid gedoen het, kan hy met oortuiging sy standpunt stel.

## 5. Konklusie

Een van die spreuke uit die Reformasie sê: *praedicatio est Dei verbum* (die prediking van die Woord is God se Woord, vgl. Potgieter, 1990:37-38). Dit is natuurlik nie outomaties die geval nie, maar net wanneer die prediking werklik sê wat die Woord sê. In die artikel is aangetoon dat 'n hermeneutiese beginsel wat uit die Ortodoksie stam, 'n negatiewe invloed uitgeoefen het op die siening van die verhouding tussen die Bybel en afleidings wat daaruit gemaak is. Hierdie hermeneutiese beginsel het 'n rasionalistiese basis, met die oorskatting van die mens se rede. Interpretasie (wat maar 'n sinoniem is vir verklaring of uitleg) is menslike werk. Soos alle menslike werk is dit feilbaar en daarom ook altyd toetsbaar. Die implikasie hiervan is dat kerklike debatte rekening moet hou met die feilbaarheid van die mens se verklaring van die Skrif en gevolglik versigtig moet wees vir te kategoriese standpunte.

## Bibliografie

ALLEN, D.L. 2000. A tale of two roads: homiletics and Biblical authority. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 43(3):489-515.

BERKHOF, L. 1971. Principles of Biblical interpretation. Grand Rapids : Baker.

BERKOUWER, G.C. 1967. De Heilige Schrift II. Kampen : Kok.

BRIGHT, J. 1977. The authority of the Old Testament. Grand Rapids : Baker.

BUYS, A.L.A. 1997. Drie in een. Ken ons nog die "van NIE-KERKs"? *Waarheid en Dwaling*, 3(29):1-4.

BUYS, A.L.A. 1998. Wesentlike en middelmatige sake. *Die Kerkblad* : 24-25, Jul. 23.

BUYS, A.L.A. 2000.Spanwerk. *Waarheid & Dwaling*, 6(2):1.

CALVYN, J. 1989. Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 3. Potchefstroom : CJBF. Vertaler: H.W. Simpson.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Deel 4. Potchefstroom : CJBF. Vertaler: H.W. Simpson.

FARMER, K.A. 1991. Proverbs & Ecclesiastes. Who knows what is good? Grand Rapids : Eerdmans. (International Theological Commentary.)

GKSA
*kyk* Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1994. Handelinge van die vyf-en-veertigste nasionale sinode. Potchefstroom : GKSA.

GREIJDANUS, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring en historisch overzicht over theorieën en wijzen van Schriftuitlegging. Kampen : Kok.

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.

HELBERG, J.L. 1995. Die korrektiewe aard van die Ou Testament en die betekenis daarvan vir teologiebeoefening. *In die Skriflig*, 29(1&2):77-94.

HERHOLDT, M.D. 1998. Postmodern hermeneutics. (*In* Maimela, S. & König, A., *eds*. Initiation into theology and hermeneutics. The rich variety of theology and hermeneutics. Pretoria : Van Schaik. p. 451-470.)

HENDRY, G.S. 1960. The Westminster Confession for today. A contemporary interpretation. London : SCM.

HEPPE, H. 1950. Reformed Dogmatics. London : Allen & Unwin.

HONIG, A.G. 1938. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing: deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: Inougurele Rede nr. 125.)

KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An introduction to Biblical Hermeneutics. Grand Rapids, MI. : Zondervan.

KLEIN, W. 1998. Evangelical hermeneutics. (*In* Maimela, S. & König, A., *eds*. Initiation into theology and hermeneutics. The rich variety of theology and hermeneutics. Pretoria : Van Schaik. p. 319-336.)

KUYPER, A. jnr. 1899. Johannes Maccovius. Leiden : Donner.

LE ROUX, J.H. 1993. A story of two ways. Thirty years of Old Testament scholarship in South Africa. Pretoria : Verba vitae. (Old Testament Essays Supplement 2.)

LÖSER, W. 1995. Infallibility. (*In* Beinert, W. & Schüssler Fiorenza, F., *eds*. Handbook of Catholic theology. New York : Crossroad. p. 387-388.)

MACCOVIUS, J. s.a. Godgeleerde onderscheidingen en wijsgerige regelingen. Leeuwarden : Bokma.

McKANE, W. 1970. Proverbs. A new approach. London : SCM. (Old Testament Library.)

MAIMELA, S. & KÖNIG, A., *eds*. 1998. Initiation into theology and hermeneutics. The rich variety of theology and hermeneutics. Pretoria : Van Schaik.

MEIJER, J.G. 1998. Hou vas wat jy het (1). *Waarheid en Dwaling*, 4(9):7-9.

POLMAN, A.D.R. 1957. Kuyper. I. Abraham. Theologie. *Christelijke Encyclopedie*, 4:349-352.

POTGIETER, P.C. 1990. Skrif, dogma en verkondiging. Kaapstad : Lux Verbi.

PRESBYTERIAN CHURCH IN THE UNITED STATES. 1976. The proposed book of confessions of the Presbyterian Church in the United States. Atlanta : Presbyterian Church in the United States.

ROGERS, J.B. 1966. Scripture in the Westminster Confession. A problem of historical interpretation in American Presbyterianism. Kampen : Kok.

SMIT, B.C. 1998. Middelmatige sake? *Die Kerkpad*, 2(4):6, 9, Aug.

SNYMAN, G. 1997. Dit is tyd dat GKSA besef kritiese teologie het ’n rol. *Beeld* : 8, Okt. 10.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering. Handboek by die Kerkorde. Pretoria : Hammanskraalse Teologiese Skool.

SWANEPOEL, J. 1989. Die gebed in die Carmina Minora van Catullus: ’n literêre en metodologiese studie, toegespits op enkele probleme in verband met literêre interpretasie. Potchefstroom : PU vir CHO. (D.Litt.-proefskrif.)

THISELTON, A.C. 1992. New horizens in Hermeneutics. Grand Rapids : Zondervan.

TOY, C.H. 1970. The book of Proverbs. Edinburgh : Clark. (International Critical Commentary.)

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde. ’n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom : PTP.

VAN ITTERZON, G.P. 1959. Maccovius, Johannes. *Christelijke Encyclopedie*, 4:529.

VAN WYK, J.H. 1989. Die Woord is waardevol. 'n Dogmatiese besinning oor die reformatoriese Skrifbeskouing. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydrae van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 72.)

VAN WYK, J.H. 1997. Nasionalistiese politiek ook van liberale teologie. *Beeld*: 8, Okt. 20.

VAN WYK, J.H. 2000. Qiud est veritas? Augustinus oor waarheid en leuen – en latere ontwikkelinge. *Hervormde Teologiese Studies*, 56(2&3):456-491.

VANHOOZER, K.J. 1998. Is there a meaning in this text? The Bible, the reader and the morality of literary knowledge. Leicester : Apollos.

WARFIELD, B.B. 1931. The Westminster assembly and its work. New York : Oxford University Press.

WENTSEL, B.1982. De openbaring, het verbond en de apriori's. Dogmatiek deel 2. Kampen : Kok.

WOLTERS, A.M. 1984. Nature and grace in the interpretation of Proverbs 31:10-31. *Calvin Theological Journal*, 19:153-166.

**Kernbegrippe:**

eksegetiese afleidings; die waarde van
feilbaarheid van interpretasies
hermeneutiese beginsels

**Key concepts:**

exegetical deductions; the value of
fallibility of interpretation
hermeneutical principles